
# 205 Jesus Christus heers as Koning




Sing en juig, o hemelskare! Neem jul siter, roer die snare!
Roem en glorie aan sy Naam! Laat die skoonste lof akkoorde,
lieflik ruis deur alle oorde; engelskare, loof Hom saam!
Engelskare, loof Hom saam!

Laat ook ons, die sterwelinge, met die koor van hemelinge
aan die Koning eer betoon! Want deur Hom het ons vergewing,
het ons vrede, vreug, herlewing; en vir ons wag daar ‘n kroon,
en vir ons wag daar ‘n kroon.

Kom tot Hom, beswaarde harte; bring, o siekes, Hom, jul smarte;
siel, wat ween, wees vol van moed! Liefdevol slaan Hy ons gade,
en by Hom is veel genade; proe en sien: die Heer is goed!
Proe en sien: die Heer is goed!

Ook my siel, kan hier benede sing van sy barmhartighede,
keer op keer aan my bewys. Voor sy glorietroon daarbowe,
sak ek Hom eens beter lowe: En sy Naam vir ewig prys,
en sy Naam vir ewig prys.

P.F. Hiller (1699-1769) W.A. Mozart (1756-1791)